

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA	DATUM 2017/11/22		DATUM 2017/11/21		+ - WEEK GELEDE 2017/11/13		BY DIE GELD PUT OPSIE			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ	Data	JULIE '18 TERMYPNRY	WM	YM	
DIIA-index	23591	160.50	0.7%	23430	0.7%	23422	R 2 176.00	R 2 233.00		
Goud (Spot)	1280.69	1.09	0.1%	1279.60	0.4%	1275.60	PUT TREFFPrys	R 2 180.00	R 2 240.00	
Brent \$/vat	63.02	0.72	1.2%	62.30	-1.0%	63.68	PUT PREMIE	R 220.84	R 206.03	
1 € / US\$	1.1743	0.000	0.0%	1.1741	0.8%	1.1655	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 959.16	R 2 033.97	
1 US\$ / ZAR	13.97	-0.060	-0.4%	14.03	-3.0%	14.40				
Corn	R 1 897.39		0.2%	R 1 894.50			*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day			
Wheat	R 2 157.98		-1.0%	R 2 178.73			*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day			
Soybeans	R 5 024.71		-1.4%	R 5 097.31			*CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR. 27			
Corn Des 17	345.00	2.00	0.6%	343.00	1%	343.00	MIELIE UITVOERE			
Wheat Des 17	424.75	-2.25	-0.5%	427.00	-1%	431.00	WEEK TOTAAL	7 647	50 891	58 538
Soybeans Jan 18	989.00	-10.00	-1.0%	999.00	2%	974.25	JTD TOTAAL	510 696	1 026 691	1 537 387
PLAASLIKE MARKINLIGTING							UITVOERBAAR			
SORGHUM Dec '17	2620.00	0.00	0.0%	2620.00	0.0%	2620.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	20%	55%	35%
WMAZ Spot	2027.00	45.00	2.3%	1982.00	0.1%	2025.00	TEMPO/WEEK BENODIG	79 572	32 932	112 505
WMAZ Dec 17	2041.00	46.00	2.3%	1995.00	-0.1%	2043.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Mar 18	2108.00	58.00	2.8%	2050.00	0.8%	2091.00	WEEK TOTAAL	11 775	5 609	17 384
YMAZ Spot	2142.00	53.00	2.5%	2089.00	1.2%	2117.00	JTD TOTAAL	9 445 012	6 349 698	15 794 710
YMAZ Dec 17	2154.00	45.00	2.1%	2109.00	0.6%	2142.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
YMAZ Mar 18	2206.00	47.00	2.2%	2159.00	1.0%	2185.00	% GELEWER VAN OES	98%	98%	98%
SOY Spot	5141.00	71.00	1.4%	5070.00	2.4%	5022.00	TEMPO /WEEK BENODIG	7 910	4 062	11 972
SOY Dec 17	5161.00	80.00	1.6%	5081.00	2.0%	5059.00	KORING INVOERE			
SUN Spot	4880.00	94.00	2.0%	4786.00	2.8%	4746.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM	
SUN Dec 17	4875.00	69.00	1.4%	4806.00	2.0%	4779.00	WEEK TOTAAL	34 720	5 948	26 669
WHEAT Spot	4186.00	16.00	0.4%	4170.00	-0.2%	4196.00	JTD TOTAAL	428 667	65 492	267 327
WHEAT Dec 17	4199.00	7.00	0.2%	4192.00	-0.5%	4221.00	TOTAAL BENODIG	1 800 000	930 728	1 568 763
WHEAT Mrt 18	4283.00	9.00	0.2%	4274.00	-2.7%	4316.00	JTD AS % VAN BENODIG	24%	7.0%	17%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.97 / \$ en het goeie steun gekry nadat president Robert Mugabe sy bedanking aangekondig het. Dit is gesien as 'n positiewe faktor vir die land, aangesien onstabieliteit in ons buurlande ook maklik na Suid-Afrika oor kan speel. Beleggers sal egter steeds op die uitkyk wees vir Vrydag se krediet gradering aankondiging deur 2 graderingsagentskappe, wat die rand baie volatiel sal hou. Statistiek SA sal die inflasiekoers vir Oktober later vandag bekend maak, terwyl die SARB more hul rentekoers besluit sal vrystel. Die verwagtinge in die mark is dat die inflasiekoers waarskynlik steeds binne die SARB se teiken reeks van 3 - 6% sal bly en die SARB sal waarskynlik die rentekoerse onveranderd hou met die repokoers wat 6.75% sal bly.

Mielies: Die VSA mieliepryse het gister in 'n baie noue band verhandel en het meestal onveranderd gebly. Daar is tans geen nuwe groot fundamentele nuus wat die mark binnekom wat groot prysbewegings in die mark veroorsaak nie. Die stroopproses in die VSA is amper voltooi en volgens die jongste USDA-stroopvorderingsverslag, is dit 90% voltooi vanaf die 83% wat verlede week aangemeld is. Die 5 jaar gemiddelde pas van die stroop vir hierdie tyd van die seisoen is 95% voltooi. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliepryse het gister steun ontvang, en eindig hoër vir bykans al die kontrakmaande wat tans gelys is. Die mark kyk steeds na die tempo van mielie-aanplantings, aangesien daar vertragsings in sekere gebiede is, waar die grondvog nog laag is en die aanplantings nie normaal kan voortgaan nie. Witmielie-uitvoere vir die week van 11 tot 17 Nov 2017 is op 8,925 ton aangemeld, dit bring ons op 'n totaal van 519 621 ton vir die 2017/2018 seisoen. Geelmielies se totale uitvoere vir dieselfde week beloop 3 560 ton, wat die groototaal tot 1 030 323 ton vir die seisoen bring. Geen Mielie-invoere is onderskeidelik vir wit- en geelmielies aangeteken nie.

Sojabone: Die VSA sojaboonmark het gister 'n bietjie laer verhandel terwyl die verhandeling in 'n noue band plaasgevind het. Die pryse van sojaboonoliekoek was gister onder druk en dit het bygedra tot die druk op die sojaboonpryse. Die sojaboon stroopproses in die VSA is amper klaar en volgens die jongste USDA-verslag is dit in die meeste sojaboonproduserende gebiede voltooi, terwyl die totale oes in die land 96% voltooi is. Met die oes in die VSA nou meestal in, sal die hoofokus in die mark op die Suid-Amerikaanse produksie omstandighede bly. Daar is gemengde nuus uit Suid-Amerika waar nodige reën in die noordelike dele van Brasilië geval het, wat gunstig sal wees vir gewasontwikkeling. In Argentinië is daar egter steeds kommer oor die droë weerstoestand, wat ongunstig is vir die gewasvordering. **Plaaslik:** Die plaaslike oliesademarkte het gister meestal hoër verhandel met al die sojaboon- en sonneblomsaad kontrakte wat hoër verhandel het. Die weersomstandighede speel ook 'n belangrike rol in die produksie van oliesade vir die seisoen, aangesien die weerstoestand nog redelik ongunstig is vir aanplantings om optimaal te kan plaasvind.

Koring: VSA koringpryse het gister 'n mate van ondersteuning gekry en het ná die USDA se verslag hoër verhandel. Dié verslag het die winterkoring gewasstoestand laer hersien, laer as verlede week se verslag. Die SRW, HRW en lente koring het effens hoër gesluit. Volgens die jongste verslag van die weeklikse USDA gewasvorderingsverslag, is die winterkoring toestande 52% goed tot uitstekende, wat 2% laer as verlede week is en 6% laer as die 58% gerapporteer dieselfde tyd verlede jaar. In die Oekraïne word koring gestroop en Oekraïne het 'n goeie produksiejaar met 'n groot oes. Daar word ook verwag dat die grootste deel van die Oekraïense produksie hierdie seisoen uitgevoer moet word. China het gister sowat 13% van die staatsreserwe koring verkoop op 'n veiling wat ook baie koring in die markte bring. Daar is oor die algemeen groot koringvoorraad in die internasionale markte wat die internasionale koringpryse onder druk hou. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister 'n mate van steun gekry en verhandel meestal hoër. Die koringuitvoere vir die week van 11 - 17 Nov 2017, beloop 854 ton met 'n uitvoertotaal van 2 502 ton vir die seisoen. Invoere vir die week - 'n hoeveelheid van 32 544 ton van die Russiese Federasie is ingevoer, wat totale invoere tot dusver op 461 947 ton vir die seisoen te staan bring.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone and Luan van der Walt/ Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za
Danke aan die MielieTrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

